**<u>VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN</u>**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak Nr. : A118/2012

In die saak tussen:-

**<u>STEPHEN SWARTZ</u>** Appellant

en

**<u>DIE STAAT</u>** Respondent

---

**<u>CORAM:</u>** C J MUSI, R *et* P W DA ROCHA-BOLTNEY, WND R

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** DA ROCHA-BOLTNEY, WND R

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** 4 FEBRUARIE 2013

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 21 FEBRUARIE 2013

---

[1] Die appellant is op 16 Julie 2008 in die Streekshof te Kroonstad skuldig bevind aan diefstal van 'n motorvoertuig en tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis. Nadat aansoek om verlof om te appèlleer teen beide skuldigbevinding en vonnis geweier was, was daar 'n petisie na die Regter President van hierdie hof gerig en verlof tot appèl slegs teen vonnis was toegestaan.

[2] Appellant was met twee mede-beskuldigdes aangekla van diefstal van 'n motorvoertuig en huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Appellant, synde beskuldigde een, was

slegs skuldig bevind aan klagte 1. Die skuldigbevinding was grotendeels op omstandigheidsgetuienis gebasseer.

**FEITE**

[3] In die oggendure van 16 April 2007 was die klaer, Jurie Swart, van die plaas Palm in die distrik Heuningspruit, se Ford Ranger bakkie met registrasienommer 700JHSFS uit sy stoor gesteel. Die stoor was toegesluit maar die sleutels van die voertuig was in die aansitter. Die volgende dag was die bakkie teruggekry aldaar dit in 'n motorongeluk betrokke was.

[4] Op die betrokke dag was daar op 'n ander plaas by 'n huis ingebreek en goedere daar gesteel.

[5] Die appellant en die vorige beskuldigde 2 was op die toneel aangekeer. Beskuldigde 2 was as die bestuurder van die bakkie aangewys. Beskuldigde 2 het gevra om die badkamer van 'n naby geleë huis te gebruik. Toe die polisie beampte bevestigend antwoord is beskuldigde 2 na die woning en het nooit weer teruggekeer na die ongelukstoneel nie. Die polisie beampte het vermoed dat dit moontlik 'n gesteelde voertuig kan wees en was appellant gearresteer. Gedurende die visentering van appellant was 'n mes op sy persoon gevind.

[6] Die polisie beampte getuig dat appellant agter die bakkie gesit het. Speur-Inspekteur Benadie getuig dat hy daardie

dag met ‘n ondersoek besig was en gesien het hoe die bakkie (betrokke in klagte no 1) met ‘n Citi Golf bots.

[7] Appellant het beweer dat hy slegs ‘n geleentheid by die bestuurder van die bakkie gekry het. Hy het ‘n blou swemkeps op sy kop gehad. Met verdere navrae was daar vasgestel dat daar ook gedurende die huisbraaksaak ‘n blou swemkeps gesteel was. Die betrokke blou swemkeps kon egter nie deur die klaer uitgeken word nie en was as appellant sin bestempel. Inspekteur De Goveia getuig dat hy beskuldigde 2 en 3 na uitwysing van appellant gearresteer het.

[8] Met verdere ondersoek was die klaagster se eiendom in klagte 2 by die meisie van beskuldgide 3 gekry. Die betrokke getuie het ook die bewering gemaak dat die appellant en beskuldigde 2 en 3 na eersgenoemde se suster oppad was om die bakkie daar te verkoop.

**AD VONNIS**

[9] Aldus Mnr Reyneke, namens die appellant, is die vonnis skokkend en onvanpas. Appellant is ‘n 39-jarige getroude man met 3 minderjarige kinders. Hy was vir 15 maande in aanhouding hangend die finalisering van sy saak. Appellant het wel toepaslike vorige veroordelings, maar dit dateer na meer as 10 jaar gelede.

[10] Mev Liebenberg, namens die Respondente het aangevoer dat die vonnis bekragtig behoort te word, en wel om die volgende redes:

- Die misdryf was beplan;
- Alhoewel die bakkie teruggevind was het dit skade opgedoen;
- Die misdryf het ‘n besondere hoë voorkoms.
- Die appellant het nie minder as 7 (sewe) relevante vorige veroordelings.

[11] Dit is geykte reg dat die hof van appèl slegs met ‘n verhoorhof se vonnis sal inmeng indien die hof, onder andere, van oordeel is dat die verhoorhof ‘n mistasting begaan het of dat die vonnis skokkend onvanpas is. Sien **S v Pieters** 1987 (3) SA 717 (A).

[12] Die verhoorhof was van oordeel dat die appellant se vorige veroordelings wel in ag geneem moet word vir vonnisdoeleindes. Dit ten spyte van die feit dat daar meer as 10 jaar verloop het sedert die laaste relevante vorige veroordeling.

[13] Die verhoorhof het melding gemaak van die feit dat hierdie misdryf op ‘n plaas gepleeg was en dat plaasboere nie eintlik veel kan doen om soortgelyke misdrywe aan bande te lê nie. Ek voel myself genoop om met respek hiermee te verskil, aangesien dit gemene saak was dat die sleutels van die bakkie in die aansitter was. Ook die mate van beplanning waarna verwys word, gaan nie op nie. Ek sou gelyk gee aan

die argument dat plaasboere moontlik geteiken kan word as gevolg van die afsondering op plattelandse gebiede waar hulle hulle moontlik kan bevind.

[14] Met inagneming van al die vonnis faktore is dit my mening dat ‘n termyn van 12 jaar gevangenisstraf skokkend en onvanpas is, en wel om die volgende redes:

14.1 Appellant was grotendeels skuldig bevind op omstandigheidsgetuienis;

14.2 Appellant se vorige veroordelings dateer langer as 10 jaar gelede.

[15] Ek maak derhalwe die volgende bevel:

15.1 Die appèl teen vonnis word gehandhaaf.

15.2 Die skuldigbevinding word bekragtig.

15.3 Die vonnis word ter syde gestel en vervang met 8 (agt) jaar gevangenisstraf.

15.4 Die vonnis word terugdateer tot 16 Julie 2008.

**P. W. DA ROCHA-BOLTNEY, WND R**

Ek stem saam.

**C. J MUSI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr K. Pretorius<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. E. Liebenberg<br>In opdrag van:<br>Die Direkteur: Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/eb